# DIE GESKIEDENISLES TYDENS PRAKTIESE ONDERWYS
## Leergeleentheid of lesverleentheid?

J M L Horn
Departementshoof Geskiedenis - Onderwyskollege Goudstad

**1. Teorie en praktyk - ideaal en werklikheid**

Ervaring dui daarop dat studente dikwels probleme het om die teoretiese kennis wat in die lesinglokaal opgedoen is met die praktiese lessituasie in die skoolklaskamer in verband te bring. Dat daar sulke probleme is, moet egter nòg voor die deur van die teorie nòg voor die deur van die praktyk gelê word. Dit is vir die student belangrik om die komplekse wisselwerking tussen praktyk en teorie deeglik te bedink en te beproef. Hy moet agterkom dat menige onderrigprobleme voortspruit enersyds uit die feit dat praktyk nie deeglik teoreties begrond of andersyds dat teorie nie genoegsaam aan die praktyk getoets word nie. Net so min as wat die praktyk bang vir die teorie hoef te wees, moet die teorie vir praktiese toepassing en betoetsing bevrees te wees. Daarom kan dit inderdaad gesê word dat praktyk en teorie eintlik keerkante van dieselfde muntstuk is: sonder die een bestaan die ander nie.

As die bewuswording van die wisselwerking tussen teorie en praktyk vir die student noodsaaklik is, is die kontinue aandag aan en toepassing van dié wisselwerking vir die onderwyser 'n voorrangsaak. Want teorie en praktyk word na mekaar gebring deur òf student òf onderwyser. En werk 'n bepaalde teorie nie in die praktyk nie, lê die fout òf by 'n verkeerde teoretiese begronding òf by valse verwagtinge wat aan die praktiese situasie gestel word òf selfs by die onvermoë van die persoon wat teorie en praktyk moet laat rym. Aan die ander kant val die praktyk weer plat bloot omdat dit deur weinig of geen teoretiese begronding gerugsteun is.

Net so min as wat praktyk en teorie van mekaar geskei kan word, kan ideaal en werklikheid los van mekaar staan. Die student (én onderwyser) sonder gesonde idealisme kan hom nie in die werklikheid verantwoord nie - daarom is werklikheid dan ook leeg sonder idealisme.

Praktiese onderwys bly dus 'n groot uitdaging vir die student - eweso vir die onderwyser. Dit is werklik 'n jammerte as die student praktiese onderwys as sinloos beleef. En tog is dit so dat sommige studente hierdie noodsaaklike opleidingsaspek as onrealisties en te geïdealiseerd afmaak. Onnadenkend word dan gesê: ''Mens hou mos nie só skool nie!'' So 'n opvatting getuig juis van 'n gebrek aan kennis van praktyk en helaas ook van teorie - en daarmee openbaar so 'n student die onwil om opleidingsinhoude met die gewone, alledaagse skoollewe en -programme te integreer.

Eweneens is dit 'n jammerte as die onderwyser praktiese onderwys as 'n lastigheid beleef - so asof hy niks meer te lere het nie - van vakinhoud sowel as vakdidaktiek. 'n Gearriveerde onderwyser is nie net 'n verleentheid vir die onderwysprofessie nie, hy is 'n gevaar vir opvoedende onderwys. Hoe kan 'n onderwyser sonder 'n vraagstellende benadering en sonder 'n weetgierige gees sy leerlinge prikkel tot ontdekking, waagmoed en openheid? - veral as ons aanvaar dat geskiedenis sogenaamd ''open-ended'' is.

As die onderwyser en die student niks by mekaar kan leer nie, is opleiding en ondervinding - en die wisselwerking daartussen - sinloos. Teen dié agtergrond is die onderwyser wat sê: ''Vergeet nou wat jy by die kollege/universiteit geleer het'' - nie net 'n professionele risiko nie, maar terselfdertyd 'n gevaar vir sy leerlinge.

Vir die *student* is praktiese onderwys 'n ontmoeting met die werklike skoolsituasie. As hy nooit met leerlinge tydens sy opleiding te make het nie, nooit die probleme wat die Geskiedenisonderwyser ervaar mede-ervaar nie, nooit die vreugde smaak om sy kennis met andere te deel nie, nooit die gevoel van ontgogeling na 'n mislukking het nie, *hoe kan hy sy studiejare regverdig?* Hieruit vloei die volgende wenke vir die student: benader praktiese onderwys in 'n gees van afwagting, van leergierigheid, van ontmoeting-met-praktyk, selfs ook van moontlike selfondersoek.

Vir die *onderwyser* is praktiese onderwys, as uitbeelder én toonbeeld van die (onvoltooide) professionele, 'n ontmoeting met die lerende en soekende student. In der waarheid is hy 'n onontbeerlike agent van opleiding - die praktiserende-op-grond-van-teorie, die idealiserende-in-die-werklikheid. Daarom moet hy kan aantoon hoedat teorie oorgaan tot betekenisvolle praktyk en ook hoedat ideale in die werklikheid bereik word.

**2. 'n Sistematiese uiteensetting van die les**

Daar is verskeie maniere waarop 'n Geskiedenisles beplan en uitgeskryf kan word. Wel wetend dat lesuiteensettings resepmatigheid in die hand kan werk en oorspronklikheid aan bande kan lê, is dit tog so dat 'n basiese voorbeeld dié voordeel het: dit dien as gids om te kontroleer of alle leskomponente by die voorbereiding en beplanning voldoende aandag gekry het.

'n Manier waarvolgens 'n les aangebied kan word, is die volgende:

Standerd: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Datum: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

LESTEMA: ______________________

LESONDERWERP: ______________________

______________________

LESDOELWITTE

Kennisuitbreiding: ______________________

______________________

Vaardigheidsverwerwing:

| | |
|---|---|
| Taal en woordeskat | ☐ |
| Luister en bespreking | ☐ |
| Selektering en rangskikking | ☐ |
| Skematisering | ☐ |
| Opsomming | ☐ |
| Beskrywing | ☐ |
| Verduideliking | ☐ |
| Vergelyking | ☐ |
| Kritiese beoordeling | ☐ |
| Sintese | ☐ |
| Lees en naslaan | ☐ |
| Memorisering | ☐ |
| Eenvoudige reproduksie | ☐ |

Formulering:

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

Gesindheidsvorming: ______________________

______________________

______________________

AANLOOPFASE

Aktualisering van voorkennis: ______________________

______________________

______________________

Direkte lesinleiding: ______________________
(Wek en rig)

______________________

______________________

MIDDELFASE

Aanbiedingswyse

| | |
|---|---|
| Verhaalmetode | ☐ |
| Besprekingsmetode | ☐ |
| Handboekmetode | ☐ |
| Groepwerk | ☐ |
| Vraag-en-antwoordmetode | ☐ |

Onderrigmedia

| | |
|---|---|
| Transparante | ☐ |
| Kaarte | ☐ |
| Prente | ☐ |
| Skryfbord | ☐ |
| Bronne | ☐ |
| Skyfies | ☐ |
| Bandspeler | ☐ |

Lesskema:

______________________

______________________

______________________

______________________

(ens.)

AFLOOPFASE

Aktualisering van leerinhoud (Tuiswerkopdragte)

______________________

______________________

______________________

______________________

(ens.)

**2.1 Toeligting van skema**

**LESTEMA:**

Die sillabus van elke standerd word in 'n aantal temas verdeel. So 'n tema kan weer deur verskeie lesonderwerpe uitgebou word.

**LESONDERWERP:**

Die lesonderwerp gee bloot die aanduiding van die inhoud van die besondere les. Dit moet daarom noukeurig maar ook bondig geformuleer word.

**LESDOELWITTE:**
Die formulering van lesdoelwitte is een van die belangrikste aspekte van lesvoorbereiding. Dit bied die volste geleentheid om oor die leerinhoud te besin, aktiwiteite te beplan - dié van die onderwyser (die student) en ook dié van die leerlinge. Die mate waarin hierdie doelwitte gedurende die lesuur, die tuiswerkopdragte of die temaopdragte verwerklik word, bepaal die mate van sukses wat met die les behaal is. Die volgende doelwitte word in alle lesse nagestreef. (Vergelyk in dié verband die TOD-sillabus vir Geskiedenis: Junior Sekondêr).

**Kennisuitbreiding**
Dit is die basis van elke les. Dié doelwit moet so geformuleer word dat dit *presies* aandui watter inhoud die leerling aan die einde van die les moet bemeester. Dit is belangrik om daarop te let dat die *verkryging van insig én begrip* vanselfsprekend in die bemeestering van die inhoud ingebou is!

**Vaardigheidsverwerwing**
Daar is verskeie vaardighede wat in die Geskiedenis onder die knie gekry moet word. Vanselfsprekend is dit onmoontlik om al die vaardighede in één les te verwerklik - slegs maar twee tot vier.

Vir 'n meer volledige uiteensetting van die *vaardigheidsdoelwit* sien die artikel van J M L Horn "Besondere vakvaardighede by die onderrig van Geskiedenis in die primêre skool", in *Gister en Vandag*, no. 12, September 1986.

Die vaardighede is:
*taal- en woordeskat; luister en bespreking; selektering en rangskikking; skematisering; beskrywing; verduideliking; opsomming; vergelyking; kritiese beoordeling; sintese; lees en naslaan; memorisering.*

**Gesindheidsvorming**
Geskiedenis is deel van die primêreskoolkurrikulum onder andere vanweë die vormingswaarde van die vak. Verskeie gesindhede kan feitlik in alle lesse na vore kom. Teen één aspek moet egter gewaak word: *lesse moenie in goedkoop sedepreekies ontaard nie!*

Die volgende gesindhede kan genoem word: (Hierby kan natuurlik nog sake gevoeg word.)
*ywer en pligsgetrouheid, waardering: geloof; vryheid; gesag en ordelikheid; goeie burgerskap; onbaatsugtigheid; heldemoed; deursettingsvermoë, opoffering; eerlikheid; onafhanklikheid; roepingsvervulling; verantwoordelikheid; liefde vir die eie; arbeidsaamheid.*

**AANLOOPFASE:**
Vir gewone praktiese omstandighede bestaan dié fase uit twee komponente:

**Aktualisering van voorkennis**
Elke Geskiedenisles word afgesluit en opgevolg met 'n aantal *tuiswerkopdragte* wat die leerling in staat moet stel om eers met die basiese feite-inhoud van die behandelde les vertroud te raak. Voordat met 'n nuwe les begin word, word die *tuiswerk gekontroleer.* Dit word gedoen aan die hand van 'n transparant waarop die *memorandum* van die vorige tuiswerkopdragte aangebring is. Hierdie komponent is 'n uiters gestruktureerde aangeleentheid - dit gee die onderwyser die geleentheid om te kontroleer en te remedieer. Ook dien dié komponent daartoe om die nuwe leerinhoud te koppel by die voorafgaande!

**Direkte lesinleiding (Wek en rig)**
Hier gaan dit om die doelbewuste verkryging van leerlingbelangstelling vir 'n nuwe les. Die ideaal is om die leerlinge gereed of "oop" te maak vir nuwe inhoud. Hulle moet as't ware, soos dit al by geleentheid gesê is, *gewek en gerig* word. Dit beteken dat die leerlinge *wakker gemaak* moet word vir die nuwe leerinhoud sodat hul aandag volkome daarop *gerig* kan wees.

Dié komponent van die aanloopfase stel ongetwyfeld groot uitdagings aan die onderwyser/-student se oorspronklikheid en ontwerpende verbeelding.

**MIDDELFASE**
Hier gaan dit in die besonder om die oopdekking van die nuwe leerinhoud - of ook die *eksposisie van die leerinhoud.* Belangrike aspekte hier is onder andere die volgende:

* vertroudheid met leerinhoud
* bewerkstelliging van leerlingbetrokkenheid
* uitnodigende onderrig
* toepassing van besondere metodes.

In die beplanning van die middelfase behoort drie aspekte besondere aandag te kry:

**Onderrigmetodes**
'n Belangrike deel van lesvoorbereiding is 'n besinning oor die besondere metode(s) waarmee die leerinhoud ontsluit gaan word. Dikwels bepaal die aard van die leerinhoud terselfdertyd die metode. Nadenke oor 'n onderrigmetode vir 'n bepaalde les vrywaar normaalweg die student van 'n herhaling van dieselfde metode - leerlinge (en selfs die student) hou daarvan om leerinhoud op verskillende wyse te ontmoet: hetsy die vertelmetode, die vraag-en-antwoordmetode, die besprekingsmetode of die handboekmetode. So 'n metode(s) moet aangedui word.

**Onderrigmedia**
Alle onderrigmedia vir 'n besondere les moet genoem word, of dit die skryfbord, die truprojektor, prente, kaarte, of wat ook al is. Dit is ondenkbaar dat 'n Geskiedenisles sonder 'n prent en/of kaart aangebied kan word. 'n Prent help om die verbeelding te "voed" sodat die verlede "ervaar en gesien" kan word, terwyl 'n kaart 'n besondere gebeurtenis ruimtelik lokaliseer.

**Lesopsomming**
'n Lesopsomming is haas onontbeerlik. Dit verteenwoordig 'n sistematiese uiteensetting van die leerinhoud en stel die leerling in staat om die inhoud met een oogopslag voor oë te hê! Gewoonlik bestaan so 'n opsomming uit verskillende *afdelings* en *onderafdelings.* 'n Lesopsomming moet ongetwyfeld die bewys van

noukeurige beplanning wees. Die opsomming kan op 'n transparant geskryf word - dit is nogal nuttig as mens bang is dat jy besonderhede kan vergeet. 'n Woord van waarskuwing in dié verband: 'n lesopsomming kan maklik tot meganiese onderrig lei - so asof vir 'n opsomming in plaas van vir leerlinge skool gehou word. 'n Soepel, natuurlike en spontane klaskameroptrede moet altyd u mikpunt bly!

**AFLOOPFASE:**
**Aktualisering van leerinhoud**
Elke les word gevolg deur 'n stel *tuiswerkopdragte.* Dié opdragte is die resultaat van lesbeplanning en onderrig, ook die manier(e) waarop die leerlinge (veral) die kennisdoelwit baasraak. Voldoende tyd moet toegelaat word vir 'n verduideliking wat gedoen moet word.

Nadat 'n tema behandel is, volg sogenaamd temaopdragte. Dié opdragte is 'n groter refleksie van veral die vaardigheidsdoelwitte wat tydens die reeks lesse in 'n bepaalde tema as mikpunt gestel is.

## 3. Die beoordeling van 'n ''krit-les''

Een ding is duidelik: 'n Geskiedenisles wat vir beoordeling vir 'n dosent tydens praktiese onderwys aangebied word, kan 'n senutergende ervaring wees - vir die student en helaas ook vir die dosent.

'n Dosent wil nie 'n student se onderrigpoging afkraak nie, hom nie aan foutsoekery onderwerp nie en hom ook nie in 'n gees van negativisme benader nie. Inderdaad wil die dosent die student help -op 'n positief-opbouende manier. Daarom is lesbeoordeling se belangrikste oogmerk die naspeur en gevolglike herstel van leemtes by die student en die hernieude inskerping van vakdidaktiese besonderhede. 'n Noodsaaklike faset van die dosent se besoek is die bewusmaking daarvan dat elke student 'n unieke persoon is en saam daarmee dus 'n unieke styl van selfs lesaanbieding het en moet ontwikkel.

Praktiese onderwys is dus 'n blote voortsetting van opleiding - vir dosent en student; ook vir die onderwyser as mede-opleier!

### 3.1 Geïdentifiseerde leemtes

Ten slotte 'n aantal punte van *negatiewe kritiek* wat tydens praktiese onderwys aangestip is. Dit moet egter duidelik gestel word dat die oogmerk hiermee nie is om dié leemtes op te blaas asof studente nie goeie werk lewer nie. Eerder is die teendeel waar: die meeste studente vaar baie goed. Ook aanvaar hulle punte van kritiek in 'n goeie gees.

Die rede dus waarom op die ''negatiewe'' sake gewys word, is om te probeer verhoed dat ander dieselfde foute sal begaan - dit gaan dus hier eerder om uit 'n ander se foute te leer.

Die foute word eweneens volgens die bogenoemde lesskema uiteengesit - sonder breedvoerige kommentaar.

#### 3.1.1 Lesdoelwitformulering

* Die drie breë doelwitte, naamlik *kennisuitbreiding, vaardigheidsverwerwing* en *gesindheidsvorming,* is swak geformuleer.
* Aspekte word in die doelwitformulering genoem wat glad nie in die les ter sprake kom nie.
* Die doelwitte word nie geformuleer soos wat dit met u behandel en in die studiegidse uiteengesit is nie.
* Daar word nie getoets of doelwitte wel bereik is nie.

#### 3.1.2 Aanloopfase

* Oor die algemeen kort dié aspek by die meeste studente baie aandag.
* Dit moenie te veel besonderhede bevat of te lank wees nie.
* Koppel dit direk aan die les deur byvoorbeeld geskikte vragies.
* Vermy iets soos: ''Van wie het ons nou die dag gepraat?'' of ''Vandag wil ek julle iets meer vertel van . . .''

#### 3.1.3 Middelfase

Vanselfsprekend ontlok dié fase die meeste kommentaar aangesien dit hier by uitstek gaan om die oopdekking van nuwe leerinhoud, asook om die integrasie van onderrigstrategieë én onderrigmedia.

**Onderrigstyl**

* U is te haastig. Praat stadiger en moenie te veel besonderhede behandel nie. Doen eerder minder inhoud sodat groter konsolidasie en vaslegging kan geskied. Vra vragies soos wat die les vorder.
* U is te staties in die klaskamer - op een plek vasgenael. Beweeg meer, tree gemakliker op en bewerkstellig oogkontak met alle leerlinge. Moenie net vir 'n paar leerlinge skoolhou nie.
* As u vertel, wees entoesiasties; vertel ook met gesigspel.
* Moenie alleen besig wees nie. Streef na maksimale leerlingbetrokkenheid en -aktiwiteit.
* U behandeling is te feitelik. Neem die ontwikkelingspeil van die leerlinge in aanmerking.
* Wees versigtig vir hoogdrawende taal. Moenie 'n lesing gee nie. Ons kan nie byvoorbeeld by st. 3-leerlinge praat van *geloofsoorloë, handelsverdrae* of 'n *prysoorlog,* ensovoorts sonder om te verduidelik nie.
* Let op suiwer taalgebruik - ook by die leerlinge.
* Laat leerlinge eerder hul eie afleidings probeer maak as om antwoorde self te gee. Byvoorbeeld: ''Waarom dink julle het Jan van Riebeeck die fort so gebou dat dit heeltemal met water omring was?''
* Praat helder en duidelik. Moenie oor u woorde struikel of dit insluk nie.

**Beheersing van leerinhoud**

* Wees so goed voorbereid dat u volledig meester van die onderrigsituasie is.
* Beheers die hele lestema - nie net die bepaalde lesonderwerp nie. As u byvoorbeeld die skryfkuns van die Egiptenare behandel, moet u daarom ook die hele tema rakende die ontwikkeling van skryfkuns ken.
* Kry agtergrondskennis deur middel van ekstra leeswerk.
* Moenie net op u handboek vir leerinhoudoopdekking staatmaak nie.

* Moenie kort-kort op u lesaantekeninge kyk nie. Dit skep nie vertroue by die leerlinge nie.
* Maak seker van u feite.
* Antisipeer moontlike vrae wat deur leerlinge gestel kan word. En as u nie weet nie, erken dit eerder as om verkeerde of vae verduidelikings te gee.
* Maak seker dat u nuwe/moeilike begrippe/woorde kan verklaar. Skryf sulke woorde op die skryfbord neer.

**Lesopsomming**

* Berei u lesopsomming op 'n transparant voor, veral as u onseker oor die lesinhoud is.
* Die lesopsomming moet in die proefjoernaal wees. Dit is 'n geïntegreerde deel van u les.
* Maak seker van die korrekte spelling van die woorde wat u op die skryfbord/transparant wil skryf.
* Die bordopsomming verloop nie soos beplan nie, of gaan net so ver as die eerste stap - dit skep 'n swak indruk.
* Gebruik standaardskrif. Skryf dan ook netjies en leesbaar. Ons bly altyd voorbeeld en kan nie netheid van ons leerlinge verwag as ons nie self netjiese werk lewer nie.
* Die opsomming is te verwarrend. Dit moet struktuur hê.

**Transparante, kaarte en prente**

* Transparante, kaarte en prente moet by die les geïntegreer word. Moenie net wys en verwyder nie. Gebruik dit inderdaad as onderrigen leermiddels, maar ook om historiese verbeelding op be bou.
* Gebruik byvoorbeeld 'n pen om besonderhede op transparante aan te dui - nie u hand nie.
* Gebruik soveel prentmateriaal/kaarte as wat u maar kan. Dit bied die leerlinge 'n duidelike historiese beeld. Onthou, die leerlinge kan nie die verlede direk ervaar nie.
* Kaarte moet vir die besondere les van toepassing wees.
* Wys waar 'n bepaalde plek op die kaart is. Moenie verwag dat alle leerlinge sal weet waar die plek geleë is nie.
* Die skrif moet te alle tye duidelik en leesbaar wees.
* Gebruik transparantpenne wat 'n duidelike lyn trek.

### 3.1.4 Afloopfase

* Moenie begin met: "Ons kyk gou wat julle kan onthou." of "Nou gaan ek kyk hoe goed julle vandag geluister het". Laat die afloopfase eerder outomaties uit die middelfase ontplooi.
* Maak seker dat leerlinge presies weet wat u van hulle verwag.
* Aan die ander kant moet ons ook nie alle opdraggies probeer verduidelik voordat die leerlinge daarmee begin nie - veral nie by standerd 2 nie. Verduidelik soos u en die leerlinge vorder.
* Vraagstelling is lomp geformuleer. Onthou, vraagstelling is deel van u voorbereiding en beplanning.
* Alle vrae - ook die mondelinge vrae - is beplan en moet verkieslik in u proefjoernaal wees.
* Opdraggies moet skriftelik gegee wees.
* Skriftelike oefeninge kort meer aandag - dit moet verbeeldingryk wees. En sorg vir 'n wye variasie.
* Maak vir differensiasie voorsiening.
* U opdragte het te min om die lyf.
* As u 'n blokkiesraaisel maak, sorg dat dit sinvol is en dat woorde af en dwars deurgaans sin maak.
* Pas u taalgebruik by die leerlinge se ontwikkelingspeil aan.
* Moenie aanhoudend daardie kinders vra wat sigbaar nie weet nie. Dit lei nie tot vaslegging nie.
* Dui die aflooffase daarop dat u u oorspronklike geformuleerde doelwitte bereik het?